MEDICLINIC
INTERNATIONAL

# ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE GROEPRESULTATE

## VAN MEDICLINIC INTERNATIONAL BEPERK

EN SY FILIALE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG **30 SEPTEMBER 2012**

Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika  Reg. No. 1983/010725/06  Aandeelkode: MDC  ISIN kode: ZAE000074142  ("Mediclinic" of "die Maatskappy")

## HOOFTREKKE

- GROEPINKOMSTE STYG MET **12%** TOT **R11 734M**
- GROEP GENORMALISEERDE EBITDA **14%** HOËR OP **R2 486M**
- GROEP GENORMALISEERDE EBITDA-MARGE STYG VAN **20.8%** TOT **21.2%**
- GENORMALISEERDE WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL STYG MET **45%** TOT **112.1 SENT**
- **102%** VAN GENORMALISEERDE EBITDA IN KONTANT OMSKEP
- TUSSENTYDSE DIVIDEND PER GEWONE AANDEEL STYG TOT **25.3 SENT** (2011: 23.0 SENT)

## GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | **Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2012 R'm** | Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm | Geouditeerd Jaar tot 31/3/2012 R'm |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **43 349** | 43 830 | 42 033 |
| Eiendom, toerusting en voertuie | **36 484** | 36 019 | 34 808 |
| Ontasbare bates | **6 614** | 6 684 | 6 350 |
| Beleggings in geassosieerdes | **–** | 5 | 1 |
| Ander beleggings en lenings | **15** | 888 | 662 |
| Uitgestelde inkomstebelastingbates | **236** | 234 | 212 |
| **Bedryfsbates** | **9 196** | 7 132 | 8 162 |
| Voorraad | **611** | 600 | 582 |
| Handels- en ander debiteure | **5 166** | 4 037 | 4 815 |
| Inkomstebelastingbates | **15** | – | 4 |
| Afgeleide finansiële instrumente | **185** | – | 24 |
| Ander beleggings en lenings | **28** | – | 128 |
| Belegging in geldmarkfondse | **–** | 860 | 510 |
| Kontant en kontantekwivalente | **3 191** | 1 635 | 2 099 |
| **Totale bates** | **52 545** | 50 962 | 50 195 |
| **EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE** | | | |
| **Totale ekwiteit** | **12 251** | 11 572 | 11 404 |
| Aandelekapitaal en reserwes | **10 939** | 10 394 | 10 116 |
| Nie-beherende belange | **1 312** | 1 178 | 1 288 |
| **LASTE** | | | |
| **Nie-bedryfslaste** | **33 949** | 35 750 | 32 969 |
| Lenings | **23 235** | 25 485 | 22 864 |
| Uitgestelde inkomstebelasting-aanspreeklikhede | **5 492** | 5 682 | 5 303 |
| Aftreevoordeelverpligtinge | **1 143** | 595 | 823 |
| Voorsienings | **265** | 234 | 240 |
| Afgeleide finansiële instrumente | **3 814** | 3 754 | 3 739 |
| **Bedryfslaste** | **6 345** | 3 640 | 5 822 |
| Handels-en ander krediteure | **3 803** | 2 711 | 3 460 |
| Lenings | **1 911** | 608 | 1 930 |
| Voorsienings | **170** | 117 | 121 |
| Afgeleide finansiële instrumente | **66** | 16 | – |
| Inkomstebelastingaanspreeklikhede | **395** | 188 | 311 |
| **Totale laste** | **40 294** | 39 390 | 38 791 |
| **Totale ekwiteit en aanspreeklikhede** | **52 545** | 50 962 | 50 195 |
| Netto batewaarde per gewone aandeel – sent | **1 735.5** | 1 656.8 | 1 609.4 |

## GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

| | **Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2012 R'm** | Styging % | Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm | Geouditeerd Jaar tot 31/3/2012 R'm |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomste** | **11 734** | 12% | 10 467 | 21 986 |
| Koste van verkope | **(6 724)** | | (5 968) | (12 314) |
| Administrasie- en ander bedryfskoste | **(2 524)** | | (2 320) | (5 003) |
| **Bedryfswins voor waardevermindering (EBITDA)** | **2 486** | 14% | 2 179 | 4 669 |
| Waardevermindering en amortisasie | **(468)** | | (436) | (910) |
| **Bedryfswins** | **2 018** | | 1 743 | 3 759 |
| Ander winste en verliese | **183** | | (29) | (26) |
| Inkomste vanaf geassosieerdes | **–** | | – | 1 |
| Finansieringsinkomste | **41** | | 43 | 85 |
| Finansieringskoste | **(820)** | | (809) | (1 642) |
| **Wins voor belasting** | **1 422** | | 948 | 2 177 |
| Inkomstebelastinguitgawe | **(358)** | | (357) | (693) |
| **Wins vir die tydperk** | **1 064** | | 591 | 1 484 |
| | | | | |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Aandeelhouers van die Maatskappy | **894** | | 484 | 1 221 |
| Nie-beherende belange | **170** | | 107 | 263 |
| | **1 064** | | 591 | 1 484 |
| | | | | |
| Verdienste per gewone aandeel – sent | | | | |
| – Basies | **142.0** | 84% | **77.2** | 194.7 |
| – Verwaterde | **137.1** | | **74.2** | 187.3 |
| | | | | |
| Wesensverdienste per gewone aandeel – sent | | | | |
| – Basies | **141.5** | 83% | **77.2** | 194.9 |
| – Verwaterde | **136.6** | | **74.2** | 187.5 |
| | | | | |
| Genormaliseerde wesensverdienste per gewone aandeel – sent | | | | |
| – Basies | **112.1** | 45% | **77.2** | 193.0 |
| – Verwaterde | **108.2** | | **74.2** | 185.7 |
| | | | | |
| **EBITDA REKONSILIASIE:** | | | | |
| Bedryfswins voor waardevermindering (EBITDA) | **2 486** | | **2 179** | 4 669 |
| Aangepas vir: | | | | |
| Verstreke dienskoste | **–** | | **–** | (14) |
| Waardedaling van eiendom en toerusting | **–** | | **–** | 4 |
| **Genormaliseerde EBITDA** | **2 486** | 14% | **2 179** | 4 659 |
| | | | | |
| **VERDIENSTE REKONSILIASIE:** | | | | |
| Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers | **894** | | **484** | 1 221 |
| Hermetings vir wesensverdienste | **(4)** | | **–** | 1 |
| Wins met verkoop van eiendom, toerusting en voertuie | **(4)** | | **–** | (1) |
| Waardedaling van eiendom en toerusting | **–** | | **–** | 2 |
| Inkomstebelastingeffek | **1** | | **–** | – |
| **Wesensverdienste** | **891** | 84% | **484** | 1 222 |
| Hermetings vir genormaliseerde wesensverdienste | **(185)** | | **–** | |
| Ongerealiseerde wins op wisselkoerskontrakte | **(185)** | | **–** | |
| Verstreke dienskoste | **–** | | **–** | (14) |
| Inkomstebelastingeffek | **–** | | **–** | 3 |
| **Genormaliseerde wesensverdienste** | **706** | 46% | **484** | 1 211 |

## GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | **Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2012 R'm** | Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm | Geouditeerd Jaar tot 31/3/2012 R'm |
|---|---|---|---|
| Wins vir die tydperk | **1 064** | 591 | 1 484 |
| **Ander omvattende inkomste** | | | |
| Wisselkoersomrekeningsverskille | **465** | 2 009 | 1 405 |
| Billikewaarde-aanpassing aan kontantvloeiverskansings (netto na belasting) | **12** | (1 029) | (1 126) |
| Aktuariële winste en verliese (netto na belasting) | **(255)** | (179) | (403) |
| **Ander omvattende inkomste/(verlies), netto na belasting** | **222** | 801 | (124) |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | **1 286** | 1 392 | 1 360 |
| **Toeskryfbaar aan:** | | | |
| Aandeelhouers van die Maatskappy | **1 074** | 1 195 | 1 035 |
| Nie-beherende belange | **212** | 197 | 325 |
| | **1 286** | 1 392 | 1 360 |

## GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

| | **Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2012 R'm** | Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm | Geouditeerd Jaar tot 31/3/2012 R'm |
|---|---|---|---|
| **Openingsaldo** | **11 404** | 10 560 | 10 560 |
| Beweging in aandele gehou in tesourie | **9** | 5 | 19 |
| Beweging in aandeelgebaseerde betalingsreserwe | **3** | 3 | 6 |
| Nie-beherende belange verkry deur die Groep | **(9)** | – | – |
| Totale omvattende inkomste vir die jaar | **1 286** | 1 392 | 1 360 |
| Transaksies met nie-beherende aandeelhouers | **(16)** | – | 3 |
| Wins met verkoop van nulbetaalde toewysingsbriewe | **42** | – | – |
| Uitgekeer aan aandeelhouers | **(288)** | (298) | (436) |
| Uitgekeer aan nie-beherende belange | **(180)** | (93) | (111) |
| **Eindsaldo** | **12 251** | 11 572 | 11 404 |
| **Bestaan uit** | | | |
| Aandelekapitaal | **65** | 65 | 65 |
| Aandelepremie | **6 066** | 6 066 | 6 066 |
| Tesourie-aandele | **(261)** | (283) | (269) |
| Aandeelgebaseerde betalingsreserwe | **138** | 132 | 135 |
| Buitelandse valutaomrekeningsreserwe | **3 594** | 3 747 | 3 171 |
| Verskansingsreserwe | **(3 211)** | (3 126) | (3 223) |
| Behoue inkomste | **4 548** | 3 793 | 4 171 |
| **Aandeelhouersekwiteit** | **10 939** | 10 394 | 10 116 |
| Nie-beherende belange | **1 312** | 1 178 | 1 288 |
| **Totale ekwiteit** | **12 251** | 11 572 | 11 404 |

## GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

| | **Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2012 R'm** | Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm | Geouditeerd Jaar tot 31/3/2012 R'm |
|---|---|---|---|
| Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite | **1 504** | 858 | 2 216 |
| Kontant deur bedrywighede voortgebring | **2 540** | 1 913 | 4 266 |
| Netto finansieringskoste | **(758)** | (744) | (1 525) |
| Belasting betaal | **(278)** | (311) | (525) |
| Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite | **557** | (530) | (1 055) |
| Belegging om bedrywighede te handhaaf | **(299)** | (245) | (731) |
| Belegging om bedrywighede uit te brei | **(511)** | (318) | (742) |
| Opbrengs met verkoop van eiendom, toerusting en voertuie | **8** | 11 | 23 |
| Opbrengs uit afgeleide finansiële instrumente | **24** | – | 24 |
| Versekeringsopbrengs | **–** | 20 | 27 |
| Opbrengs uit ander beleggings en lenings | **4** | 1 | 5 |
| Aankope van finansiële bates | **–** | (26) | (144) |
| Opbrengs uit finansiële bates | **802** | 18 | 134 |
| Opbrengs uit geldmarkfondse | **1 144** | – | 823 |
| Aankope van geldmarkfondse | **(627)** | – | (507) |
| Rente ontvang | **12** | 9 | 33 |
| Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | **(984)** | (491) | (735) |
| Verdelings aan aandeelhouers | **(288)** | (298) | (436) |
| Verdelings aan nie-beherende belange | **(180)** | (98) | (111) |
| Beweging in skuld | **(541)** | (102) | (214) |
| Opbrengs met verkoop van tesourie-aandele | **65** | 14 | 28 |
| Tesourie-aandele gekoop | **(14)** | (9) | (9) |
| Verkryging van nie-beherende belange | **(26)** | – | – |
| Opbrengs met verkoop van nie-beherende belange | **–** | 2 | – |
| Netto beweging in kontant, kontantekwivalente en bankoortrekkings | **1 077** | (163) | 426 |
| Openingsaldo van kontant, kontantekwivalente en bankoortrekkings | **1 981** | 1 447 | 1 447 |
| Wisselkoersfluktuasies op buitelandse kontant | **46** | 160 | 108 |
| Eindsaldo van kontant, kontantekwivalente en bankoortrekkings | **3 104** | 1 444 | 1 981 |
| Kontant en kontantekwivalente | **3 191** | 1 635 | 2 099 |
| Bankoortrekkings | **(87)** | (191) | (118) |
| | **3 104** | 1 444 | 1 981 |

## SEGMENTVERSLAG

| | **Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2012 R'm** | Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm | Geouditeerd Jaar tot 31/3/2012 R'm |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | |
| Suider-Afrika | **5 130** | 4 695 | 9 423 |
| Midde-Ooste | **1 158** | 771 | 1 831 |
| Switserland | **5 446** | 5 001 | 10 732 |
| | **11 734** | 10 467 | 21 986 |
| **EBITDA** | | | |
| Suider-Afrika | **1 089** | 989 | 1 957 |
| Midde-Ooste | **245** | 120 | 348 |
| Switserland | **1 152** | 1 070 | 2 364 |
| | **2 486** | 2 179 | 4 669 |
| **Bedryfswins** | | | |
| Suider-Afrika | **958** | 866 | 1 701 |
| Midde-Ooste | **193** | 75 | 250 |
| Switserland | **867** | 802 | 1 808 |
| | **2 018** | 1 743 | 3 759 |

## ANDER INLIGTING

| | **Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2012 R'm** | Onge-ouditeerd 6 maande tot 30/9/2011 R'm | Geouditeerd Jaar tot 31/3/2012 R'm |
|---|---|---|---|
| **Kapitaalverpligtinge** | | | |
| Suider-Afrika | **1 086** | 1 227 | 1 427 |
| Midde-Ooste | **31** | 15 | 31 |
| Switserland | **581** | 812 | 703 |
| **Wisselkoerse** | **R** | R | R |
| Gemiddelde Switserse frank (ZAR/CHF) | **8.63** | 8.25 | 8.45 |
| Sluitings Switserse frank (ZAR/CHF) | **8.85** | 8.96 | 8.50 |
| Gemiddelde VAE dirham (ZAR/AED) | **2.23** | 1.90 | 2.03 |
| Sluitings VAE dirham (ZAR/AED) | **2.26** | 2.20 | 2.09 |
| **Aandele** | **Aantal '000** | Aantal '000 | Aantal '000 |
| Aantal gewone aandele uitgereik | **652 315** | 652 315 | 652 315 |
| Aantal gewone aandele in tesourie gehou | **(22 023)** | (24 956) | (23 758) |
| Aantal gewone aandele uitgereik na aftrekking van tesourie-aandele | **630 292** | 627 359 | 628 557 |
| Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik | **629 296** | 626 921 | 627 280 |
| Verwaterde geweegde gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik | **651 986** | 651 921 | 651 921 |

In die bepaling van basiese verdienste per aandeel en basiese wesensverdienste per aandeel, is die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte gewone aandele in ag geneem.

**Danie Meintjes, Hoof Uitvoerende Beampte van Mediclinic International het as volg kommentaar gelewer:**

"Die Groep se volgehoue investering om fasiliteite uit te brei en te verbeter in Suider-Afrika, Switserland en die Verenigde Arabiese Emirate ("**VAE**"), het saam met 'n toename in pasiënt-toelatings, dikwels met meer ernstige toestande, bygedra tot 'n toename in bedbesettings en 'n styging in die gemiddelde inkomste per beddag. Al drie bedryfsplatforms het bygedra tot hierdie sterk prestasie, met 'n uitstekende bydrae deur die bedrywighede in die VAE. Die gemiddelde lengte van verblyf het in Suider-Afrika en die VAE toegeneem, met 'n effense afname in Switserland.

Alhoewel die regulatoriese omgewing, veral in Switserland, 'n mate van onsekerheid skep, is ons positief oor die toekoms van ons bedrywighede. Die voordeel van ons herfinansierde balansstaat plaas ons in 'n gunstige posisie om verder in aantreklike groei- en ontwikkelingsgeleenthede regoor die Groep se bedrywighede te belê."

**GROEPOORSIG**

Mediclinic is 'n internasionale hospitaalgroep wat omvattende, kostedoeltreffende hospitaaldienste van hoë gehalte in Suider-Afrika, Switserland en die VAE lewer. Mediclinic se visie is om internasionaal gerespekteer en plaaslik verkies te word.

Ons rapporteer graag dat Mediclinic-groep ("**die Groep**") sy bestendige groeipatroon gehandhaaf het.

Groepinkomste het met 12% tot R11 734m (2011: R10 467m) gestyg vir die ses maande onder oorsig. Genormaliseerde bedryfsinkomste voor rente, belasting, waardevermindering en amortisasie ("**genormaliseerde EBITDA**") was 14% hoër op R2 486m (2011: R2 179m). Die hefboomeffek van die Groep se kapitaalstruktuur asook die beëindiging van Sekondêre Belasting op Maatskappye het tot groei van 45% in genormaliseerde wesensverdienste per aandeel tot 112.1 sent (2011: 77.2 sent) gelei, vergeleke met die genormaliseerde EBITDA-groei van 14%.

Die Groepresultate sluit 'n eenmalige netto ongerealiseerde wins van R185m op valuta-termynkontrakte in wat onder ander winste en verliese in die gekonsolideerde inkomstestaat vermeld word. Hierdie valuta-termynkontrakte is aangegaan om die wisselkoers waarteen fondse wat in Suid-Afrika verkry is, om die Switserse skuld gedeeltelik te herfinansier en om die verkryging van die minderheidsbelang in Emirates Healthcare gedeeltelik te finansier, teen 'n vaste wisselkoers in buitelandse valuta te omskep.

Met die insluiting van hierdie eenmalige item het wesensverdienste met 84% tot R891m (2011: R484m) gestyg en wesensverdienste per gewone aandeel het met 83% tot 141.5 sent (2011: 77.2 sent) gestyg.

Die gemiddelde rand/Switserse frank (CHF)-wisselkoers was R8.63 teenoor R8.25 en die gemiddelde VAE dirham (AED) was R2.23 teenoor R1.90 vir die vergelykende tydperk. Hierdie bewegings het 'n positiewe uitwerking op die gerapporteerde resultate gehad, soos uiteengesit in die verslae oor Hirslanden en Emirates Healthcare se finansiële prestasie.

Finansieringskoste

Ingesluit by die finansieringskoste is 'n bedrag van R32m (2011: R40m), wat die huidige periode se amortisasie verteenwoordig ten opsigte van verkrygingsfooie wat op die Groep se plaaslike en buitelandse skuld betaal is. Hierdie bedrae word oor die termyne van die betrokke lenings geamortiseer in ooreenstemming met toekomstige kontantbetalings soos voorgeskryf in IAS 39 Finansiële Instrumente.

Kontantvloei

Die Groep het steeds gesonde kontantvloei gehandhaaf. Die Groep het 102% (2011: 88%) van genormaliseerde EBITDA omskep in kontant wat deur bedrywighede voortgebring

is. Kontant en kontantekwivalente het van R2 099m teen 31 Maart 2012 gestyg tot R3 191m teen 30 September 2012.

Rentedraende lenings

Rentedraende lenings ("**skuld**") het van R24 794m teen 31 Maart 2012 toegeneem tot R25 146m teen 30 September 2012, hoofsaaklik as gevolg van die verandering in die rand/CHF-sluitingswisselkoers. Die rand/CHF-sluitingswisselkoers het van R8.50 teen 31 Maart 2012 gestyg tot R8.85 teen 30 September 2012. Dit is belangrik om daarop te let dat die buitelandse skuld van die Groep se bedrywighede in Switserland en die Midde-Ooste, ten bedrae van R21 605m, verteenwoordig word deur buitelandse bates in dieselfde geldeenhede. Die buitelandse skuld het ook geen verhaalsreg op die Suider-Afrikaanse bedrywighede se bates nie, soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank asook toepaslike finansieringsreëlings.

Bates

Eiendom, toerusting en voertuie het van R34 808m teen 31 Maart 2012 tot R36 484m teen 30 September 2012 toegeneem, en ontasbare bates van R6 350m teen 31 Maart 2012 tot R6 614m teen 30 September 2012. Hierdie stygings is hoofsaaklik toe te skryf aan die verandering in die rand/CHF- en die rand/AED-sluitingswisselkoers, soos hierbo genoem.

Ander beleggings en lenings het van R790m teen 31 Maart 2012 afgeneem tot R43m teen 30 September 2012, hoofsaaklik weens die verkoop van die grootste deel van die beleggingsgraad effekte-portefeulje. Die belegging in geldmarkfondse is in kontant omskep.

Dividend

Soos voorheen aangedui, is die Groep se mikpunt om mettertyd 'n dividenddekking van drie keer gebaseer op die Groep se wesensverdienste te haal. Die tussentydse dividend per aandeel is 25.3 sent (2011: 23.0 sent) en die Raad sal die finale dividend op grond van die Groep se resultate vir die volle finansiële jaar hersien.

Genormaliseerde nie-IFRS finansiële maatstawwe

Die Groep gebruik genormaliseerde EBITDA, genormaliseerde wesensverdienste en genormaliseerde wesensverdienste per aandeel as 'n nie-IFRS-maatstaf om prestasie te meet en om duidelik en konsekwent aan aandeelhouers verslag te doen. Hierdie nie-IFRS-maatstawwe word omskryf as rapporteerbare EBITDA, wesensverdienste en wesensverdienste per aandeel ooreenkomstig rekeningkundige standaarde, met uitsluiting van eenmalige items.

## BEDRYWIGHEDE IN SUIDER-AFRIKA

### MEDICLINIC SUIDER-AFRIKA

Finansiële prestasie

Die Suider-Afrikaanse groepinkomste het met 9% tot R5 130m (2011: R4 695m) toegeneem vir die ses maande onder oorsig. Genormaliseerde EBITDA was 10% hoër op R1 089m (2011: R989m).

Nadat waardeverminderingskoste van R131m (2011: R123m), netto finansieringskoste van R152m (2011: R166m) en belasting van R222m (2011: R230m) in ag geneem is, en die belang van minderheidsaandeelhouers in die toeskryfbare inkomste van die Suider-Afrikaanse groep ten bedrae van R82m (2011: R76m) afgetrek is, het die Suider-Afrikaanse bedrywighede R502m (2011: R394m) tot die genormaliseerde toeskryfbare inkomste van die Groep bygedra.

Bedryfsprestasie

Die inkomstegroei van 9% is behaal deur 'n toename van 4.1% in beddae verkoop en 'n styging van 5.2% in die gemiddelde inkomste per beddag. Mediese gevalle het steeds teen 'n hoër koers as chirurgiese gevalle toegeneem. Die getal pasiënte wat toegelaat is, het met 2.9% gestyg, terwyl die gemiddelde lengte van verblyf met 1.2% toegeneem het.

Die Suider-Afrikaanse bedrywighede se EBITDA-marge het effens gestyg van 21.1% teen 30 September 2011 tot 21.2% teen 30 September 2012.

Die Suider-Afrikaanse bedrywighede se kontantvloei was steeds sterk met 112% (2011: 96%) van EBITDA wat in kontant omskep is.

Kontant en kontantekwivalente het van R821m teen 31 Maart 2012 gestyg tot R893m teen 30 September 2012.

Rentedraende lenings het van R3 631m teen 31 Maart 2012 afgeneem tot R3 541m teen 30 September 2012.

Projekte en kapitaalbesteding

Gedurende die oorsigperiode het die Suider-Afrikaanse bedrywighede R246m (2011: R145m) in kapitaalprojekte en nuwe toerusting belê om die besigheid te verbeter, asook R124m (2011: R139m) in die vervanging van bestaande toerusting. Verder is R134m (2011: R125m) aan die herstel en onderhoud van eiendom en toerusting bestee, wat in die inkomstestaat erken is. Vir die huidige finansiële jaar word R651m begroot vir kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid te verbeter, R250m vir die vervanging van bestaande toerusting, en R274m vir herstelwerk en onderhoud. Verhoogde EBITDA van onderskeidelik R64m en R65m voortspruitend uit kapitaalprojekte wat reeds in proses of reeds goedgekeur is, word vir 2013 en 2014 begroot.

Die getal gelisensieerde hospitaalbeddens het gedurende die ses maande onder oorsig van 7 378 tot 7 408 toegeneem.

Gedurende die afgelope ses maande is bouprojekte voltooi by:

- Mediclinic Muelmed (30 addisionele beddens), en
- Mediclinic Legae (nuwe noodsentrum).

Die volgende bouprojekte wat tans in proses is, behoort gedurende die volgende ses maande afgehandel te word:

- Mediclinic Limpopo (15 addisionele beddens en opgradering),
- Mediclinic Nelspruit (2 teaters en opgradering),
- Mediclinic Swakopmund (14 addisionele beddens en opgradering),
- Mediclinic Louis Leipoldt (opgradering),
- Mediclinic Hoogland (4 addisionele beddens, nuwe spreekkamerblok vir dokters en opgradering),
- Mediclinic Milnerton (10 addisionele beddens),
- Mediclinic Otjiwarongo (2 addisionele beddens), en
- Mediclinic Kloof (addisionele spreekkamers).

Die volgende bouprojekte wat reeds in proses is, behoort gedurende die 2014 finansiële jaar voltooi te word:

- Mediclinic Pietermaritzburg (nuwe harteenheid, 80 addisionele beddens, spreekkamers en opgradering),
- Mediclinic Windhoek (27 addisionele beddens en spreekkamers),
- Mediclinic Stellenbosch (opgradering),
- Mediclinic Newcastle (10 addisionele beddens),
- Mediclinic Victoria (14 addisionele beddens en spreekkamers), en
- Wits Donald Gordon Mediese Sentrum (opgradering).

Verder sal die volgende goedgekeurde projekte binne die volgende 12 maande begin:

- Nuwe hospitaal in Centurion (174 beddens),
- Mediclinic Howick (22 addisionele beddens en opgradering), en
- Marapong Privaat Hospitaal (verskuiwing van hospitaal).

Die getal gelisensieerde beddens sal in die volgende ses maande na verwagting van 7 408 tot 7 489 toeneem.

Regulatoriese omgewing
Mediclinic gaan voort om met alle belanghebbers te skakel oor die mees geskikte meganismes om universele dekking te kry en toegang tot bekostigbare gesondheidsorg van hoë gehalte te bevorder, met betrekking tot die voorgestelde Nasionale Gesondheidsversekeringskema ("**NGV**").

Die Departement van Gesondheid het 'n tenderproses aangekondig vir die projektering van die koste om die eerste 10 NGV-toetsprojekte ten volle te implementeer. Die toetsprojekte is daarop gemik om primêre gesondheidsorg op distriksvlak te verbeter en is met 'n voorwaardelike toekenning van R1 miljard deur die Tesourie op die been gebring. Die verwagting is dat die resultate van hierdie kosteberekeningsmodel pragmatiese ramings sal lewer van die waarskynlike koste om in die toekoms primêre sorg te verskaf.

**BEDRYWIGHEDE IN SWITSERLAND**

HIRSLANDEN

Finansiële prestasie
Hirslanden se inkomste het met 9% (4% teen konstante wisselkoerse) tot R5 446m (CHF631m) (2011: R5 001m (CHF606m)) gestyg vir die ses maande onder oorsig. Genormaliseerde EBITDA was 8% hoër (3% hoër teen konstante wisselkoerse) op R1 152m (CHF133m) (2011: R1 070m (CHF129m)).

Nadat waardeverminderingskoste van R285m (CHF33m) (2011: R268m (CHF33m)), netto finansieringskoste van R625m (CHF72m) (2011: R605m (CHF73m)) en belasting van R135m (CHF16m) (2011: R128m (CHF15m)) in ag geneem is, het Hirslanden R107m (CHF12m) (2011: R69m (CHF8m)) tot die toeskryfbare inkomste van die Groep bygedra.

Bedryfsprestasie
Die toelatings van binnepasiënte het gedurende die oorsigperiode met 2.9% gestyg, terwyl die gemiddelde lengte van verblyf effens afgeneem het en die gemiddelde inkomste per beddag met 2.5% gestyg het.

Regstellende maatstawwe in die Berne-hospitale het gunstige resultate, in lyn met verwagtinge, gelewer.

Die genormaliseerde EBITDA-marge van die groep het effens afgeneem van 21.4% teen 30 September 2011 tot 21.2% teen 30 September 2012.

Hirslanden het 94% (2011: 79%) van genormaliseerde EBITDA omskep in kontant wat deur bedrywighede voortgebring is.

Kontant en kontantekwivalente het van R588m (CHF69m) teen 31 Maart 2012 gestyg tot R773m (CHF87m) teen 30 September 2012.

Rentedraende lenings het van R20 722m (CHF2 438m) teen 31 Maart 2012 toegeneem tot R21 461m (CHF2 425m) teen 30 September 2012, hoofsaaklik as gevolg van die verandering in die rand/CHF-sluitingswisselkoers.

Projekte en kapitaalbesteding
Gedurende die oorsigtydperk het Hirslanden R243m (CHF28m) (2011: R136m (CHF16m)) in kapitaalprojekte en nuwe toerusting belê om die besigheid te verbeter, asook R160m (CHF19m) (2011: R99m (CHF12m)) in die vervanging van bestaande toerusting. Verder is R138m (CHF16m)

(2011: R132m (CHF16m)) aan die herstel en onderhoud van eiendom en toerusting bestee, wat in die inkomstestaat erken is. Vir die huidige finansiële jaar word CHF73m begroot vir kapitaalprojekte en nuwe toerusting, CHF52m vir die vervanging van bestaande toerusting en CHF34m vir herstelwerk en onderhoud. Verhoogde EBITDA van onderskeidelik CHF6m en CHF12m voortspruitend uit kapitaalprojekte wat aan die gang of goedgekeur is, word vir 2013 en 2014 begroot.

Die getal hospitaalbeddens wat ten volle in bedryf is, het gedurende die oorsigperiode onveranderd op 1 479 gebly.

Die omvangryke aanbouing by Klinik Hirslanden in Zürich is sedert November 2010 aan die gang. Gedurende die oorsigtydperk het die bouwerk op skedule verloop. Die verwagting is dat die nuwe gebou (met 72 addisionele beddens en 8 intensiewe sorg-beddens) tydens die Europese lente in 2013 in gebruik geneem sal word.

Regulatoriese omgewing

Met die inwerkingtreding van die hersiene Switserse Gesondheidsversekeringswet (KVG) vanaf 1 Januarie 2012 is vergoeding gebaseer op diagnose verwante groepering ("**DRG**"), hersiene vergoedingsreëls en nuwe kanton-hospitaallyste ingestel.

Dertien van Hirslanden se veertien hospitale het die verklaarde doelwit bereik om 'n plek op die hospitaallys van hul eie kanton te verseker. Die uitsondering, Klinik Im Park, word steeds suksesvol in die privaat- en semi-privaatpasiëntmark bedryf.

Wat DRG-gebaseerde vergoeding betref, is basistariewe nog voorlopig en hierdie tariewe kan uiteindelik teen 'n laer waarde vasgestel word. Sekere kantonregulasies waaraan hospitale op die lys moet voldoen, is nog nie in werking gestel nie en kan 'n beperkende uitwerking op Hirslanden se sakebedrywighede hê.

**BEDRYWIGHEDE IN DIE VERENIGDE ARABIESE EMIRATE**

EMIRATES HEALTHCARE

Finansiële prestasie

Inkomste het met 50% (28% teen konstante wisselkoerse) tot R1 158m (AED519m) (2011: R771m (AED406m)) gestyg vir die ses maande onder oorsig. Genormaliseerde EBITDA het met 104% (74% teen konstante wisselkoerse) tot R245m (AED110m) (2011: R120m (AED63m)) toegeneem en die EBITDA-marge het van 15.6% tot 21.2% gestyg.

Nadat waardeverminderingskoste van R52m (AED23m) (2011: R45m (AED24m)), netto finansieringskoste van R17m (AED7m) (2011: R14m (AED8m)) en die deling van minderheidsaandeelhouers in die toeskryfbare inkomste van Emirates Healthcare ten bedrae R87m (AED39m) (2011: R30m (AED15m)) in ag geneem is, het Emirates Healthcare R89m (AED41m) (2011: R31m (AED16m)) tot die toeskryfbare inkomste van die Groep bygedra.

Bedryfsprestasie

Al die sake-eenhede het gedurende die verslagtydperk uitstekende groei behaal. Die opname van binnepasiënte in die hospitale het met 17% (2011: 25%) toegeneem, terwyl buitepasiënt-konsultasies en besoeke aan noodeenhede met 11% (2011: 15%) gestyg het. Buitepasiënt-konsultasies by klinieke het met 22% (2011: 87%) gestyg.

Die getal gelisensieerde hospitaalbeddens het gedurende die oorsigtydperk onveranderd op 336 beddens gebly.

Emirates Healthcare het 99% (2011: 97%) EBITDA omskep in kontant wat deur bedrywighede voortgebring is.

Kontant en kontantekwivalente het van R325m (AED155m) teen 31 Maart 2012 gedaal tot R117m (AED52m) teen 30 September 2012, hoofsaaklik as gevolg van rentedraende lenings wat van R439m (AED210m) teen 31 Maart 2012 tot R319m (AED141m) teen 30 September 2012 afgeneem het.

Projekte en kapitaalbesteding

Gedurende die oorsigtydperk het Emirates Healthcare R21m (AED9m) (2011: R8m (AED4m)) in kapitaalprojekte en nuwe toerusting belê om die besigheid te verbeter, asook R15m (AED7m) (2011: R6m (AED3m)) in die vervanging van bestaande toerusting. Verder is R17m (AED8m) (2011: R15m (AED8m)) aan die herstel en onderhoud van eiendom en toerusting bestee, wat in die inkomstestaat erken is. Vir die volgende ses maande word AED14m begroot vir kapitaalprojekte en nuwe toerusting om die besigheid te verbeter, AED33m word vir die vervanging van bestaande toerusting begroot, en AED18m vir herstelwerk en onderhoud.

**GEBEURE NA DIE VERSLAGTYDPERK EN HANDELSVERKLARING**

Tussen 30 September 2012 en 6 November 2012 was daar belangrike gebeure wat nie in die verkorte groep tussentydse finansiële state weerspieël word nie. Besonderhede van 'n aantal korporatiewe aktiwiteite is oor die afgelope paar maande op SENS vrygestel en 'n saamgevatte SENS-aankondiging is op 17 Oktober 2012 vrygestel. Die aankondigings het verslag gedoen van:

- die suksesvolle afhandeling van die omvattende elektiewe herfinansiering van die Groep se skuld met nuwe langtermyn verbonde skuldfasiliteite regoor die Groep se platforms en die suksesvolle implementering van 'n R5 miljard regte-aanbod, en
- die afhandeling van die verkryging van die minderheidsbelang in Emirates Healthcare.

Die Groep se resultate vir die jaar wat eindig op 31 Maart 2013 sal 'n daling van meer as 20% in verdienste en wesensverdienste per aandeel in vergelyking met die syfers vir die jaar geëindig 31 Maart 2012 toon, as gevolg van eenmalige koste met betrekking tot die herfinansiering van die Switserse en Suid-Afrikaanse skuld wat in Oktober 2012 plaasgevind het. Ooreenkomstig artikel 3.4(b) van die JSE Noteringsvereistes moet die Groep dus 'n handelsverklaring uitreik. Die volgende eenmalige items sal nie in die berekening ingesluit word om genormaliseerde wesensverdienste en genormaliseerde wesensverdienste per aandeel te bereken nie:

- de-erkenning van die billikewaarde-verpligting rakende die Switserse rentekoers-ruiltransaksie van CHF418m,
- vervroegde amortisasiekoste van Switserse gekapitaliseerde finansieringskoste van CHF18m,
- verbrekingskoste van R55m met betrekking tot bestaande Suid-Afrikaanse skuld, en
- gerealiseerde wins van R574m op valuta-termynkontrakte.

Aangesien dit nog redelik vroeg in die jaarlikse verslagtydperk is, kan die Groep nie met redelike sekerheid sy resultate vir die jaar wat eindig op 31 Maart 2013 akkuraat kwantifiseer nie. 'n Verdere handelsverklaring vir die jaar wat eindig op 31 Maart 2013 sal in April of Mei 2013 uitgereik word. Die geprojekteerde finansiële inligting waarop hierdie handels-verklaring berus, is nie deur die Maatskappy se eksterne ouditeure nagegaan of oor verslag gedoen nie.

**VERANDERINGS AAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE**

Gedurende die oorsigtydperk het die volgende veranderings in Mediclinic se Raad voorgekom, soos voorheen aangekondig is:

- Mnr Jannie Durand, Hoof Uitvoerende Beampte van Remgro, is met ingang van 7 Junie 2012 as 'n nie-uitvoerende direkteur aangestel in die plek van mnr Thys Visser, wat tragies gesterf het op 26 April 2012.
- Me Zodwa Manase en prof Wynand van der Merwe (albei onafhanklike nie-uitvoerende direkteure), asook mnr Joe Cohen en dr Mamphela Ramphele (albei nie-uitvoerende direk-teure), het by die algemene jaarvergadering op 26 Julie 2012 uitgetree as direkteure van die Maatskappy. Hierdie vakatures is gevul met die aanstelling van mnr Alan Grieve en me Nandi Mandela (albei onafhanklike nie-uitvoerende direkteure), asook mnr Trevor Petersen (nie-uitvoerende direkteur) as direkteure van die Maatskappy vanaf 13 September 2012. Mnr Petersen word tans ingevolge die JSE Noteringsvereistes nie as

onafhanklik beskou nie, aangesien hy gedurende die afgelope drie jaar 'n vennoot van die Maatskappy se eksterne ouditeure, PwC, was. Hierdie driejaartydperk verstryk einde Desember 2012, waarna mnr Petersen as onafhanklik beskou sal word.

- Dr Edwin Hertzog het met ingang van 31 Augustus 2012 as 'n uitvoerende direkteur uitgetree, maar hy bly aan as nie-uitvoerende Voorsitter van die Raad van Mediclinic.

## VOORUITSIGTE

Met vooraanstaande fasiliteite en dienste met sterk markaandeelposisies, is Mediclinic uniek geposisioneer in Suider-Afrika, Switserland en die VAE om te deel in die groei van kwaliteitgesondheidsorg.

Die Groep se herfinansierde balansstaat plaas dit in 'n gunstige posisie om verder in aantreklike groei- en ontwikkelingsgeleenthede regoor sy bedrywighede te belê.

## VOORBEREIDINGSGRONDSLAG

Die rekeningkundige beleid wat met die opstel van hierdie verkorte groep tussentydse finansiële state gevolg is, wat op redelike oordele en beramings berus, is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en strook met die beleid wat toegepas is in die geouditeerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2012, behalwe die verandering in segmentele verslagdoening. Die segmentele verslag is verander nadat die samestelling van die Groep se rapporteerbare segmente heroorweeg is. Die verkorte groep tussentydse finansiële state is opgestel ooreenkomstig IAS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening asook in ooreenstemming met die Maatskappywet 71 van 2008 en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk. Die verkorte groep tussentydse finansiële state is onder toesig van die Hoof Finansiële Beampte, mnr CI Tingle (GR(SA)), opgestel.

## DIVIDEND AAN AANDEELHOUERS

Hiermee word kennis gegee dat die direkteure 'n tussentydse bruto kontantdividend van 25.3 sent (21.505 sent na aftrekking van dividendterughoubelasting) per gewone aandeel verklaar het. Die dividend is uit inkomstereserwes verklaar en geen krediete ten opsigte van sekondêre belasting op maatskappye is gebruik nie. 'n Dividendterughoubelasting van 15% sal van toepassing wees op alle aandeelhouers wat nie daarvan vrygestel is nie. Die Maatskappy se uitgereikte aandelekapitaal op die verklaringsdatum is 826 957 325 gewone aandele.

Die belangrike datums vir die dividend is soos volg:

| | |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling met dividend | Vrydag, 30 November 2012 |
| Eerste dag vir verhandeling sonder dividend | Maandag, 3 Desember 2012 |
| Rekorddatum | Vrydag, 7 Desember 2012 |
| Betaaldatum | Maandag, 10 Desember 2012 |

Aandelesertifikate mag nie vanaf Maandag, 3 Desember 2012 tot Vrydag, 7 Desember 2012, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Geteken namens die raad van direkteure:

**E DE LA H HERTZOG**
***Voorsitter***

**D P MEINTJES**
***Hoof Uitvoerende Beampte***

Stellenbosch

6 November 2012

## KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

**DIREKTEURE:**
Dr E de la H Hertzog *(Voorsitter)*, DP Meintjes *(Hoof Uitvoerende Beampte)*, CI Tingle *(Hoof Finansiële Beampte)*, JJ Durand, JA Grieve *(Brits)*, Prof Dr RE Leu *(Switsers)*, Dr MK Makaba, N Mandela, TD Petersen, KHS Pretorius, AA Raath, DK Smith, CM van den Heever, Dr CA van der Merwe, Dr TO Wiesinger *(Duits)*

**SEKRETARIS:**
GC Hattingh

**GEREGISTREERDE ADRES:**
Mediclinic Kantore, Strandstraat, Stellenbosch 7600, Suid-Afrika
Posbus 456, Stellenbosch 7599, Suid-Afrika
Tel +27 21 809 6500 • Faks +27 21 886 4037
Etieklyn: 0800 005 316
Webblad: www.mediclinic.com

**OORDRAGSEKRETARIS:**
Computershare Investor Services (Edms) Bpk
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001, Suid-Afrika
Posbus 61051, Marshalltown 2107, Suid-Afrika
Tel +27 11 370 5000 • Faks +27 11 688 7716

**BORG:**
Rand Aksepbank ('n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)